

18 Desember

Genesis 49:8-12

(Teks: 49: 10) Die Heerser kom

Verberg as 'n slaaf (Filip 2:7-8) kom Jesus aarde toe om koningswerk te doen. Die LEEU uit die stam van Juda is 'n LAM. En die LAM van God wat geslag word, is die LEEU. Iets hiervan word afgebeeld in die lewe van Juda wat die belangrikste seën kry. Waarom? Die antwoord lê in sy geboorte. Ragel en Lea stry om die guns van Jakob. Ragel het geen kinders nie en Lea het drie seuns. Vir Lea is haar kinders die oor-winning oor Ragel. Selfsugtig soek sy haar gewildheid in haar kinders. Lea het bymotiewe. Met kinders wil sy Jakob verower (Gen 29:32-34). Toe Juda gebore word, jubel Lea: "Dié keer sal ek die Here loof" (Gen. 29:32-34). Toe Juda gebore word, jubel Lea: "Dié keer sal ek die Here loof" (Gen 29:35). Daarby sluit Jakob se seën vir Juda aan (Gen 49:8-12). Die Messiaanse Ryk kom binne die gesigskring toe Jakob Juda seën. In Juda verwerklik God die heilsgeheim van die lewe. Teen die vlees en bloed van Juda in sal God iets bekend maak aan die wêreld van die Gees van Christus. Hierdie bekendmaking sal tegelyk heerlik en droewig wees, oorwinning en neerlaag, sterk en swak. Enersyds omdat Juda in homself ontoereikend gebly het om die hoogste geestelike lewe te vertoon. Andersyds omdat Jesus uit die stam van Juda die volle bekendmaking van God se heerlikheid versinnebeeld. Die seën oor Juda word volle werklikheid toe Jesus die Heerser uit die stam van Juda (vers 10), in Betlehem gebore is uit die maagd Maria.

Sing Psalm 76:1

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)